

Dinsdag 1 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 1:1-14; Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 12

Fokusgedeelte: Hebreërs 1:14

Engele is skepsels van God en troongeeste wat God se wil uitvoer

In die denkwêreld van die ou Jode het engele 'n belangrike rol gespeel. So ook in die ou Grieks-Romeinse wêreld. In Kolossense 2:18 lees ons dat sommige mense engele aanbid het.

Die mense aan wie hierdie preek destyds geskryf is, het ook die engele as aanbiddingswaardige wesens beskou. Daar was skynbaar selfs die standpunt dat die engele hoër is as Jesus. Die skrywer van die Hebreërpreek probeer dan om hierdie mense te oortuig dat die waarheid eintlik net die teenoorgestelde is.

- Engele neem nooit die plek van God in nie. Hulle is geskape wesens, terwyl Jesus NIE geskape is nie, maar van ewigheid af Seun van God is, en derhalwe Self ook God (vs 5, 6).
- Vers 7 en vers 14 wys daarop dat engele belangrike wesens is. Hulle is egter net DIENAARS van God tot voordeel van die gelowiges. Ja, hulle verskyn aan gelowiges en deel aan hulle God se raad mee. Hulle worstel met gelowiges en seën God se kinders. Engele is deel van God se versorgende liefde. Engele is soos die mens geskape om God te dien.
- Vers 8 – 10 beklemtoon dat Christus vir ewig regeer, dat alles deur Hom tot stand gebring is, en dat net Hy aan die regterhand van God sit.
- Vers 11 en 12 beklemtoon dat alles wat God geskape het (dus ook die engele) kan verander en vergaan, maar die Here BLY DIESELFDE. En soos Hy nie 'n begin het nie, het Hy ook nie 'n einde nie.
- Vers 13 verwerp die gedagte dat ons net deur die bemiddeling van engele tot God kan nader. Jesus is ook nie die hoogste engel van God, soos sommige dit verkondig het nie. Die Here is die enigste een wat jy mag aanbid. En Jesus is self God.

Wat leer die gedeelte ons dan van engele? Engele bestaan. Hulle is dienaars van God tot eer van God en tot voordeel van God se kinders. En soos alle geskape dinge vergaan, kan ook die engele vergaan. Ons troos is egter: Ons God is ewig! Hy regeer en Hy alleen is aanbiddingswaardig! Hy het my lief en ek behoort aan Hom!

Sing: Psalm 99-1:1, 2

Ds. AB van der Walt (Braam) (Plett/Knysna)